

13 Maart

Skrifgedeelte: Handeling 2:1-37

Fokusgedeelte: Handeling 2:16-17

Pinkster: die eindtyd het begin!

Die aanhaling wat Petrus onder leiding van die Heilige Gees uit die profeet Joël maak om die Pinkstergebeure te verklaar, praat in een asem van twee sake: dit is eerstens die *uitgebreide werking van die Gees* waardeur mense van enige stand of rang sal profeteer en die woorde sal ontvang om van God te praat; tweedens verwys die profesie na die *tekens in die lug en op die grond* wat aandui dat die dag van die Here, die einde, daar is. Dit beteken dat ons Pinkster en die eindtyd nie van mekaar kan skei nie.

Die tekens op Pinksterdag is veelseggend. Elia het destyds by die berg van God ook 'n kragtige wind en vuur beleef, maar die Here was nie daarin nie. Elia het steeds met sy vrae gesit. Nou is die Here in die wind en die vuur, want die 120 wat saamgekom het, bring deur die krag van God 'n boodskap wat tot gevolg het dat taalgrense wat mense skei, nie meer 'n faktor is nie! Kyk wie praat nou almal – dit is ook Maria, die moeder van Jesus, en sy broers wat maar kort tevore tot geloof in Hom gekom het. Dit is 'n ongekende werking van die Gees dat soveel "gewone" mense as egte en volwaardige profete van God kan optree!

Mense van vyftien verskillende lande is in die gehoor. So word Pinkster 'n ongekende aanslag van God op die wêreld, maar dit is vol genade en lewe! Hierdie inisiatief van God sal nou ook die vyandskap teen God oral aan die lig bring en mobiliseer teen sy Gesalfde. Met Pinkster is alles in werking gestel wat nodig is vir einde van die wêreld. Voorwaar, die eindtyd het begin!

Sing: Skrifberyming 24:6,7 Ds DHP Wijnbeek (Steynsburg)